FINWEEK (AFRIKAANS)

Date: 10 April 2008 **Circulation:** 36 835

SKAAL AF NA 'N PORSCHE

ZUNAID MOTI, uitvoerende hoof van Abalengani Group, die maatskappy agter FutureFin Finance ('n afdeling van Wesbank) en nou die Future Exotics Lifestyle Emporium, sê daar is beslis 'n afname in die vraag na die tipe weelde-voertuie wat FutureFin hanteer.

"Ons het dit sien daal sedert ongeveer Oktober verlede jaar, en dit raak erger. Baie mense koop goedkoper motors – raak ontslae van 'n Ferrari F430 vir R3 miljoen en koop 'n Porsche 911. Die geld wat uit verbande geneem is om weelde-items te koop, vloei nou terug na die huislenings. Ons kliënte kan hulself maklik finansieel herposisioneer."

In die heel boonste deel van die mark het huidige ekonomiese probleme nie 'n uitwerking op sake nie. Die Future Exotics Lifestyle Emporium in Kaapstad, wat sy deure 'n maand gelede oopgegooi het, is gemik op die heel rykes en verkoop die beste op die gebied van motors, sakestralers en jagte. "Ons voorraad is op R100 miljoen gewaardeer, en ons het reeds 'n Rolls Royce vir R8 miljoen en 'n jag van 80 voet vir £4,5 miljoen verkoop. Die Roller was 'n kontanttransaksie, soos baie van ons transaksies in dié segment is," sê Moti.

Future Exotics reken op sowat tien transaksies per maand en gaan later vanjaar 'n tak in Sandton open. Abalangeni beoog trouens om sy bande met FutureFin te verbreek en op die eksotiese sake en internasionale finansiering te konsentreer. Moti sê: "Die kredietkrisis beteken geld is duurder, maar ons beplan om uit sentrums soos Mauritius te finansier. Dollarfinansiering kan nog teen 4-5% verkry word." ¤

AS JY ROL IN DIE GELD

2007 Lamborghini LP640 Spyder	R5,9m
2008 Rolls Royce Phantom Long wheel base	R6,4m
2008 Rolls Royce Phantom Black Pearl	R5,6m

Future Exotics Lifestyle Emporium laat waai.